Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 21: *Ki Tisa* (תשא כי): Oplig

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: "As jy die volle getal van die kinders van Yisra'el opneem om hulle te tel, moet elke man loskoopgeld vir sy lewe aan* יהוה *gee wanneer hulle getel word sodat daar geen plaag onder hulle sal wees wanneer hulle getel word nie*. Ex. 30:11 en 12 – PWL[1]

Torah: Exodus 30:11 tot 34:35.

Haftorah: 1 Kon. 18:1 tot 39.

Nuwe Verbond: Hand. 7:39 tot 42; Hand. 17:29 tot 31; 1 Kor. 6:9 tot 11; 1 Kor. 10:1 tot 13; 2 Kor. 6:14 tot 7:1; Heb. 3:1 tot 6; Heb. 4:9.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 21 wat afgelaai kan word by: Parashah21Notas15 en Parashah21Notas16.

Truth comes in levels and layers. We start with basic truths and as we're faithful and responsible with those, we're able to receive deeper levels of truth. We operate on the levels of truth we're walking in. The place we decide to stop, stagnate, or plant ourselves in our learned truths, is the place we'll stay. It will define us and it will be the parameter for our learning. – Ms. Smallback.

What would happen in our day if believers were to get honest about their sin and serious about pursuing holiness? Might we not once again experience the manifest presence of God in our churches? – M. Lloyd-Jones.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

In revival, holiness becomes a constant necessity, rather than an occasional option – Mark Stippe.

The chief danger of the Church today is that it is trying to get on the same side as the world, instead of turning the world upside down. Our Master expects us to accomplish results, even if they bring opposition and conflict. – A. B. Simpson.

Torah Bespreking

Hersiening

In die afgelope twee weke se Torahstudies (Parashot) het YHVH aan Moses die instruksies gegee vir die bou van die tabernakel. Hierdie week se Torahstudie bevat verdere instruksies vir die bou van hierdie afgesonderde plek wat die middelpunt van Israel se swerftog in die wildernis sou wees.

Die hemelse tabernakel is egter die ware tabernakel wat YHVH self opgerig het en nie ‘n mens nie (Heb. 8:2). Daarom was die aardse tabernakel slegs `n afbeelding van hierdie waarheid. Dit was `n mensgemaakte heiligdom volgens YHVH se plan – ‘n afgesonderde plek waar God in die midde van sy volk kon woon.

8*Hulle moet ook vir My ’n afgesonderde plek maak sodat Ek tussen hulle kan bly.* **9***Volgens alles wat Ek jou gaan wys; die bloudrukplan van die tabernakel en die bloudrukplan van alles wat daarby hoort; presies so moet julle dit maak*. Ex. 25:8 en 9.

En soos ons in verlede week se Torahstudie bespreek het, was die tabernakel `n sinnebeeld (skadubeeld, afbeelding, heenwysing) van `n groter waarheid wat sou kom. Dit het as Rigtingwyser na Yeshua Die Gesalfde Een gedien. Daarom is kennis van die ware betekenis en doel van die aardse tabernakel `n sleutel tot `n beter insig van die ou verbond en open dit ook die deur tot die geestelike waarhede in die nuwe verbond soos dit in Yeshua vervul is.

Maar dit is belangrik om te onthou dat die tabernakel, asook die tempel, met die Levitiese priesterorde en offerandes deel was van die Torah (wet) van Moses en dat dit slegs as tugmeester (gids) gedien het tot Yeshua sou kom (Gal. 3:24 en 25). Hierdie tugmeester was aangestel na die sonde van die aanbidding van die goue kalf, soos wat hierdie week se Torahstudie ons leer.

Maar dit was tydelik in YHVH se Raadsplan, want ‘n tugmeester se taak is ‘n beskermer en ‘n leermeester (‘n onderwyser) van die erfgenaam (Israel) tot die punt van volwassenheid soos deur die vader bepaal word, bereik word. En terwyl Israel onder die wet van Moses as tugmeester gestaan het, was hulle soos diensknegte – soos slawe! Paulus verduidelik dit in Gal. 4:1 tot 6 soos volg:

1 *Ek sê: solank as die erfgenaam ’n kind is, verskil hy nie van die slawe nie, alhoewel hy hulle almal se meester is,* **2** *maar hy staan onder voogde en toesighouers tot op die tyd, soos deur sy vader bepaal is.* **3** *So was ons ook, toe ons kinders was, in slawerny onder die beginsels van die wêreld,* **4** *maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun gestuur. Hy is uit ’n vrou gebore en onderworpe aan die geskrewe wet,* **5** *om die wat onder die geskrewe wet was, los te koop sodat ons die aanvaarding as kinders kon ontvang,* **6** *maar omdat julle kinders is, het God die Gees van Sy Seun in julle verstand, wil en emosie gestuur, wat uitroep tot die Vader: “Ons Vader!”*

Maar toe Yeshua gekom het en die skuldbrief aan die folterpaal vas gespyker was (Kol. 2:14), was die taak van die tugmeester dus afgehandel en kon Israel deur vertroue in Yeshua as die Messias volwaardige status van kinders en erfgename van God deur Yeshua, Die Gesalfde Een, ontvang (Gal. 4:4 tot 7). Daarom dien ons nie meer as slawe van die Torah van Moses nie, maar as kinders van die Torah van Yeshua!

'n Tabernakel (tempel) met 'n Levitiese priesterorde en fisiese offerandes het ten einde gekom en is vervang met 'n herstelde Melgisédek priesterorde waar elkeen wat Yeshua as die Messias bely en dien, 'n tempel van YHVH is met Yeshua as Ewige Hoofpriester.

Die belangrikste gebeurtenis in hierdie week se Torahskriflesing is die aanbidding van die goue kalf. Dit was een van Israel se waterskeidings gebeurtenisse wat 'n verandering teweeggebring het wat tot Yeshua se koms hulle daaglikse lewe en hulle verhouding met YHVH sou beïnvloed.

Hierdie gebeurtenis was die verbreking van die verbond – die boek van die verbond – wat YHVH met hulle gesluit het en waarvan ons in Ex. 19:1 tot 24:11 lees. Hierdie boek van die verbond (Ex. 24:7) wat 'n bloedverbond was, is deur Israel verbreek toe hulle 'n goue kalf aanbid het deur die woorde van Aäron te glo toe hy gesê het: *Dit is jou god, o Yisra'el, wat jou uit die land van Mitzrayim laat optrek het* (Ex. 32:4), asook toe hulle geglo het dat hulle 'n fees tot eer van YHVH hou (Ex. 32:5).

Die gevolg was dat YHVH vir Israel wou uitwis (Ex. 32:10). Maar Moses het by YHVH om genade gesmeek (Ex. 32:11 tot 14) en daarom het YHVH aan Israel die boek van die wet gegee, naamlik al YHVH se onderrig en instruksies, en wat ook die wet van Moses genoem word, en wat Israel in bewaring gehou het tot Yeshua Messias gekom het. Hierdie was nie 'n bloedverbond nie, maar wel 'n eensydig verklaring deur YHVH. Daar was geen aanbod en dus het Israel geen keuse gehad nie. So was daar ook geen verseëling deur bloed nie en ook geen verbondsmaaltyd was geëet nie.

Paulus verwys na hierdie boek van die wet in Gal. 3:10 toe hy geskryf het:

want almal wat 'staatmaak op die onderhouding van die wet,' is onder 'n vloek, want daar is geskryf: "Vervloek is elkeen wat nie voortdurend alles sal doen wat in hierdie boek van die wet geskryf is nie."

Hierdie boek van die wet was Israel se tugmeester (gids) tot Yeshua gekom het en was gegrond op werke, naamlik die onderhouding van die wet. Israel moes alles doen wat in die wet van Moses gekrywe was sodat hulle daardeur kon lewe (Lev. 18:5). Dit het Israel in geestelike bewaring gehou tot die dag wat YHVH bepaal het dat Yeshua sou kom om deur Sy folterdood Israel vry te spreek.

Maar hierdie vryspraak sou alleenlik deur vertroue in Yeshua as die Messias wees!

Bepeins of Bespreek

1. Rabbynse Judaïsme het Yeshua verwerp en daarom is hulle steeds onder die tugmeester, naamlik die Torah van Moses. Daarom kan hulle nie volwaardige kinders van YHVH-God word nie en is hulle nie erfgename van God deur Yeshua, Die Gesalfde Een, nie! En onthou: Geen mens kan gered word deur die wet te onderhou nie! Redding is alleenlik deur vertroue in Yeshua as die Messias tot vergifnis van sonde en versoening met YHVH as Vader van Sy huishouding.

2. In die ware tabernakel – die hemelse tabernakel – is daar steeds ‘n verbondsark met die tien gebooie daar binne. Dit het nie verander nie!! Al tien gebooie is steeds op die mensdom van toepassing. Ja, insluitend die vierde gebod van die Shabbat!

Ex. 32:1 tot 5 – Die Goue Kalwers van Geloof

1*Toe die volk sien dat Moshe lank vat om van die berg af te kom, het die volk by Aharon bymekaargekom en vir hom gesê: “Staan op, maak vir ons gode wat voor ons uit sal gaan, want hierdie Moshe, die man wat ons uit die land van Mitzrayim uitgebring het, ons weet nie wat van hom geword het nie.”* **2***Aharon sê vir hulle: “Haal die goue ringe af wat aan die ore van julle vroue, julle seuns en julle dogters is en bring dit vir my.”* **3***Die hele volk het die goue ringe, wat aan hulle ore was, afgehaal en dit na Aharon gebring.* **4***Hy het dit uit hulle hand gevat en dit met ’n beitel bewerk totdat hy daarvan ’n gegote kalf gemaak het. Hulle het gesê: “Dit is jou god, o Yisra’el, wat jou uit die land van Mitzrayim laat optrek het.”* **5***Toe Aharon dit sien, het hy ’n altaar voor dit gebou en Aharon het uitgeroep en gesê: “Môre is ’n fees tot eer van* יהוה*.”* **6***Hulle het die volgende dag vroeg opgestaan, brandoffers geoffer en vredesoffers gebring en die volk het gaan sit om te eet en te drink en hulle het opgestaan om te speel.* Ex. 32:1 tot 6

Dit is feitlik ondenkbaar dat Israel wat pas deur die kragtige hand van YHVH uit Egipte gelei was; wat droogvoets deur die rooisee getrek het; wat die vernietiging van die magtige Egiptiese weermag aanskou het; wat die bonatuurlike voorsiening van water en manna evaar het; wat die Sinai ervaring beleef het en wat dag en nag die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH in die wolk- en vuurkolom ervaar het, vir Aäron gevra het om vir hulle afgode te maak wat voor hulle uit sal gaan!! (Ex. 32:1). En tog is dit wat gebeur het!!

Aäron het gehoor gegee aan Israel se versoek. Hy het vir Israel ‘n kalfgod soortgelyk as die van Egipte gemaak, asook ‘n altaar voor die beeld gebou en gesê: *Môre is ’n fees tot eer van YHVH*. So het hulle dan die volgende dag brandoffers en drankoffers geoffer en feesgevier (Ex. 32:6).

Het Israel werklik geglo dat hierdie afgod die ware Almagtige Skepper-God is? Het Israel vir YHVH totaal verwerp deur ‘n afgod te bou en te aanbid? Die antwoord op beide hierdie vrae is ‘Nee’. Israel het bloot geglo dat hierdie kalfgod YHVH verteenwoordig. Hulle het nie werklik geglo dat die kalfgod YHVH is nie, maar dat hulle YHVH wel deur middel van die kalfgod kon aanbid. Hierdie afgod was vir Israel ‘n sigbare voorstelling (afbeelding) van YHVH. Hulle het geglo dat die Karakter en Outoriteit van YHVH deur hierdie kalfgod verteenwoordig word. Israel was oortuig dat hierdie afgod YHVH hulle Verlosser van die Egiptiese slawejuk verteenwoordig. In die lig van die onsekerheid van wat van Moses geword het, het Israel ‘n afgod gemaak om voor hulle uit te trek na die Beloofde Land.

Hoewel Israel se bedoelings opreg was, het ‘n kalfgod egter die ware God van Abraham, Isak en Jakob vervang. Die ware ‘beeld’ van YHVH, naamlik Sy Karakter en Outoriteit, was vervang met ‘n goue beeld wat soos ‘n kalf gelyk het en wat die sintuie bevredig het. Israel het besluit hoe hulle YHVH sal aanbid en dien. Hulle het ‘n mensgemaakte verhouding met YHVH vir hulself uitgewerk.

Israel het die boek van die verbond verbreek toe hulle die tweede gebod oortree het deur die aanbidding van die goue kalf! En tog het hulle bly glo dat hulle die God van Abraham, Isak en Jakob dien.

Nou is die vraag: Aanbid jy dalk ‘n goue kalf sonder dat jy daarvan bewus is? Waarskynlik sal jy, net soos toe ek die eerste keer hiermee gekonfronteer was, vinnig wees om ‘Nee’ te antwoord. En tog vereis hierdie vraag van ons elkeen om eers ernstige selfondersoek te doen alvorens ons antwoord. Dit is nodig om in die lig van die goue kalf wat Aäron vir Israel gebou het, en die rede hoekom hy dit gedoen het, eers te besin voor jy antwoord.

Begaan ons nie dikwels dieselfde fout as Aäron en die volk Israel nie? Bou ons nie ook ’n goue kalfbeeld en aanbid dit in die oortuiging dat dit die ware Lewende God van Abraham, Isak en Jakob is wat ons dien nie?

Het Israel vir YHVH totaal verwerp deur ‘n kalfgod te bou en te aanbid? Die antwoord op hierdie vraag, soos reeds genoem, is ‘Nee’. Israel het bloot geglo dat hierdie kalfgod YHVH verteenwoordig. Hulle het geglo dat die Karakter en Outoriteit van YHVH deur hierdie kalfgod verteenwoordig word. Israel was oortuig dat hierdie kalfgod YHVH hulle Verlosser van die Egiptiese slawejuk verteenwoordig!

Wat was die oorsaak van hierdie misleiding? Die volgende is die mees waarskynlike rede: Die mens het weens sy sondige aard die geneigdheid om ‘n god te wil dien wat volgens eie maatstaf en standaard is. Ons almal is geneig om vir ons ‘n kalfgod te wil maak. Die rede is dat so ‘n afgod gemanipuleer en beheer kan word en nie werklike aanspreeklikheid van ons vereis nie.

Dit is baie makliker om ‘n kalfgod te dien as YHVH die Almagtige, want ek kan ‘n goue kalf dien soos ek wil, wanneer ek wil en indien ek wil. Ek kan kies watter dag ‘n rusdag is, my eie feesdae bepaal en self kies wat rein en onrein is (reg en verkeerd). ‘n Kalfgod laat my toe om myself te verryk en dit ‘n bediening te noem. Laastens, en die belangrikste, is dat ‘n goue kalfgod my altyd goed laat lyk en goed laat voel, want die fokus is op die eie-ek (selfisme, materialisme).

Bill Bullock verduidelik dit soos volg in sy notas van Parashah 21:

> *Alas Beloved, herein lies a very sad truth. The truth is that there is something about fallen man that will always, if given a choice, choose a god he can mould himself according to his own tastes.*
>
> *Such a “god”, you see, man can manipulate and control.*
>
> *To such a “god”, man is not in any meaningful way accountable.*
>
> *Such a “god” is always easier to serve than the Holy One – a God Whom we absolutely cannot ever manipulate or control, and to whom we are accountable for every thought, attitude, opinion, word, and deed.*
>
> *A handmade “god” is therefore to the baser instincts of man much more palatable than the true God – He who is Who He Is and Who Does What He Does* ***whether we like it – or understand it -- or not****.*
>
> *A calf-god is, after all, a much more convenient god. A calf-god can be served any way we want, any time we want,* ***if*** *we want.*
>
> *A calf-god lets US look good, lets US run the show and lets US get the glory.*

A calf-god lets US hold meetings that are all about us and what we like and call it 'worship', and form tax-exempt corporations and call them 'ministries'.

A calf-god does not call upon us to fulfil our potential, does not confront us over luke warmness or complacency – and does not discipline us when we neglect our calling or forsake our destiny.

No wonder the former slaves at Sinai wanted a calf-god, Beloved. No wonder most people on earth still do.

Hoewel Israel se bedoelings opreg was, het 'n kalfgod egter die ware God van Abraham, Isak en Jakob vervang. Die ware 'beeld' van YHVH, naamlik Sy Karakter en Outoriteit, was vervang met 'n afgod wat die sintuie bevredig het.

Die vraag wat ons elkeen dus moet vra, is: Het ek dalk 'n goue kalf vir myself opgerig wat die plek van YHVH ingeneem het? Met goeie bedoelings kan ek hierdie kalfgod aanbid en ook 'n altaar bou en 'n feesdag tot sy eer uitroep, terwyl ek egter met afgodery besig is.

Wil jy weet of jy 'n kalfgod in jou lewe dien? Toets jouself aan die hand van die tien gebooie. Onderhou jy al tien of minag jy byvoorbeeld die vierde gebod – die shabbatgebod? Is dit jou begeerte om aan al tien gehoorsaam te wees al faal jy soms? Glo jy dat vertroue in Yeshua as Messias jou nie onthef het nie van gehoorsaamheid aan YHVH se Torah? Indien jy **nie** met 'n besliste "Ja" op al hierdie vrae kan antwoord nie, aanbid jy 'n goue kalfgod!! Dan dien jy nie die God wat jou uit die Egipte van sonde slawerny bevry het nie, maar wel 'n goue kalf wat jy vir jouself opgerig het.

Ons moet ook onthou: Goeie bedoelings is ook nie 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie. Israel se goeie bedoelings was nie regverdiging vir die goue kalf nie. Indien goeie bedoelings vir YHVH aanvaarbaar was, sou Hy dit vir ons gesê het.

'n Goue kalf getuig van hardnekkigheid wat rebellie teen YHVH se gesag is. Kain het ook probeer om YHVH op 'n mensgemaakte wyse te dien en te aanbid en hy het 'n duur prys daarvoor betaal (Gen. 4:1 tot 12). So ook het Nadab en Abihu *vreemde vuur voor die aangesig van YHVH gebring, wat Hy hulle nie beveel het nie* en hulle het gesterwe (Lev. 10:1 en 2). Saul was sy koningskap kwyt omrede hy ongehoorsaam was aan YHVH se opdrag om alles met die banvloek te tref (1 Sam. 15:19 tot 23).

Daarom: Die woorde van Samuel spreek steeds tot ons vandag:

"Het יהוה soveel behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van יהוה? Let op, om gehoorsaam te wees is beter as offers; om te luister beter as die vet van ramme, want rebellie is soos die sonde van waarsêery en opstandigheid is soos oortredings en afgodery. Omdat jy die woord van יהוה verwerp het, het Hy jou as koning verwerp."
1 Sam. 15:22 en 23.

Ongehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies soos in Yeshua vevrul is, is afgodery en beeldediens – dit is om 'n kalfgod op te rig en te aanbid. Dit is om jou eie geregtigheid op te rig (Rom. 10:2 en 3) en nie die geregtigheid van YHVH te soek nie (Matt. 6:33).

Ons maak 'n goue kalf elke keer wat ons YHVH se Karakter en Outoriteit ontken of minag of dit vorm tot ons eie beeld wat ons van die Almagtige het. YHVH se Karakter, Outoriteit en

hoedanighede word in die tien gebooie opgesom en in die Torah uiteengesit. Om een van sy karaktertrekke of hoedanighede te ontken (dit te minag) of dit te wysig, of om by YHVH se onderrig en instruksies (Torah) by te voeg of weg te neem, is om ‘n goue kalf te maak. Dan dien ons nie meer YHVH nie, maar ‘n afgod!! Ons kan nog glo ons dien YHVH in gehoorsaamheid, maar ons is mislei! Ons ywer vergoed nie vir ons ongehoorsaamheid nie.

Let daarop dat Ex. 32:1 en 4 verwys na gode: *Dit is jou **gode**, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het*. Deur die eeue het gelowiges baie goue kalwers (afgode) opgerig. Daar is die kalfgod van kersfees; die kalfgod van *Easter*; die kalfgod van Sondagaanbidding; die kalfgod van die kinderdoop; die kalfgod van eet wat jy wil en vele meer kalfgode. Alles mensgemaakte leerstellings en gebruike waarmee YHVH vereer wil word. Baie sal hiermee saamstem, maar steeds voortgaan met die aanbidding van ‘n goue kalf. Onkunde en tradisie, met die gepaardgaande vrees vir verwerping, is die binding wat maak dat mense voor ‘n kalfgod buig. Is jy deel van hierdie aanbidding? Luister na die woorde van Elia:

*En Elía het nader gekom na die hele volk en gesê: Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As YHVH God is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na! Maar die volk het hom niks geantwoord nie.*1 Kon. 18:21.

Hink jy nog op twee gedagtes? Dink jy werklik jy kan YHVH en Baäl dien? Dink jy YHVH sal daarmee tevrede wees en jou goeie bedoelings raaksien en jou vergewe? Nee, YHVH duld geen ander gode in jou en my lewe nie (Ex. 20:3 tot 6).

As ons YHVH waarlik liefhet, sal ons Sy Torah (onderrig en instruksies) soos dit in Yeshua volbring is nougeset navolg (Joh. 14:15). Wanneer ons Sy Woord bewaar, naamlik dit hoor en toepas in ons lewe, dan beantwoord ons Sy liefde vir ons (1 Joh. 2:5). Dan sal ons seker maak dat daar geen goue kalf in ons lewe is nie. Dan sal ons terugkeer na ware aanbidding en gehoorsaamheid en sal ons seker maak dat ons nie net uit “Egipte” is nie, maar seker maak dat “Egipte” uit ons is!

Bepeins of Bespreek

1. Laat ons in hierdie tye die afgode uit ons lewens verwyder en laat ons nie die woorde van YHVH ons God en Vader vergeet nie toe Hy aan Moses gesê het: *“Wie ook al teen My gesondig het, dié sal Ek uitvee uit My boek* (Ex. 32:22). Maar laat ons ook seker maak dat ons voortdurend dankbaar is vir ‘n nie-Levitiese Hoofpriester volgens die orde van Melgisédek – een wat sit op die regterkant van die troon van HaG’dulah (die Grootheid) in die hemel (Heb. 8:1) – een wat medelye met ons swakhede het (Heb. 4:15) en een wat ewige lewe gee aan elkeen wat deur Hom naderkom na God toe (Heb. 7:25).

   Hulle (Leviete) het priesters geword in groot getalle omdat hulle deur die dood verhinder is om voort te gaan,
   maar omdat Hy ewig is, gaan Sy nie-Levitiese Priesterskap nie verby nie
   en kan Hy ewige lewe gee aan hulle wat deur Hom naderkom na God toe, want Hy leef vir altyd en offer gebede in ons plek,
   want so ’n nie-Levitiese Hoofpriester is ook reg vir ons, rein, sonder boosheid, sonder ontering, wat afgesonderd is van sonde en wat hoër as die hemele opgelig is;
   wat nie nodig het, soos die vorige hoofpriesters, om elke dag vir Sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die mense nie, want Hy het dit eenmalig gedoen deur Sy lewe te offer,
   want die wet stel mense met swakhede as hoofpriesters aan, maar die boodskap van die eed, wat ná die wet is, stel die Seun aan, wat vir ewig die doel bereik. Heb. 7:23 tot 28

Ons het ‘n Middelaar van ‘n beter verbond wat op beter beloftes gegrond is (Heb. 7:22; Heb. 8:6). Yeshua, die Bedienaar van die Huis van Afsondering en van die ware Tabernakel (tentwoning), wat God opgeslaan het (Heb. 8:2).

2. Is jy bereid om die kalfgod(e) in jou lewe te vernietig en die Vader in gees en waarheid te aanbid (Joh. 4:23)? YHVH is gees en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid (Joh. 4:24). Yeshua is die vleesgeworde Waarheid van YHVH en hierdie Waarheid kan nie deur enige mensgemaakte ‘kalfteologie’ vervang word nie!

People do not believe lies because they have to, but because they want to! – Malcolm Muggeridge.

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.